



# 2019-KONGRESVERSLAG

AGRI NW SE 24STE JAARKONGRES HET PLAASGEVIND OP WOENSDAG, 18 SEPTEMBER 2019  
TE NWK OPLEIDINGSENTRUM IN LICHTENBURG MET DIE TEMA:

**Doen die regte dinge en doen hierdie dinge reg!**



## **Agri NW-Presidentsboodskap: Willem de Chavonnes Vrugt**

Baie boerderye is vandag in 'n oorlewingstryd gewikkel en hul lewensgehalte word daagliks bedreig. In die afgelope paar jaar het boere se probleme net meer geword. Produsente worstel met klimaatsverandering, politieke- en beleidsonsekerheid en maatskaplike en ekonomiese probleme bedreig die volhoubaarheid van talle boerderye.

Soos in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan, was die pad van Jerigo af na Jerusalem ook bekend vir sy kriminaliteit en geweld. Negatiewe eksterne faktore het egter nie die barmhartige Samaritaan verhoed om naasteliefde aan sy buurman te toon nie en elke produsent word aangemoedig om met ander oë na sy buurman te kyk. Die president moedig almal aan om raakpunte te vind met die gemeenskap waarin hulle woon en werk en nie toe te laat dat vooropgestelde idees, vrese, haat en verskille in hulle pad staan nie. Gemeenskappe moet eerder fokus op gemeenskaplike probleme wat saam oorkom moet word.

Agri NW sal sy lede se belange beskerm en sal nie huiwer om in dispute en litigasie betrokke te raak indien hierdie belange bedreig word nie. Hy het die versekering aan lede gegee dat daar nie onderhandel word oor eiendomsreg nie en dat die streep in die sand getrek is. Goeie bure en vennote is in die stryd nodig en alles word van georganiseerde landbou se kant gedoen om private eiendomsreg te beskerm.

Veiligheid en diefstal neem dramatiese toe op plase soos sosio-ekonomiese probleme vererger. Agri NW sal sy verhouding met die polisie uitbou en hulle ondersteun om kriminaliteit op die platteland te voorkom en te beperk.

Die President bedank Agri Noordwes se personeel, en veral vir Boeta du Toit, uitvoerende hoofbestuurder wat danksy goeie netwerke wat oor tyd opgebou is, verskeie grondgrype in die Noordwes-provinsie die afgelope jaar kon afweer.



### **Aanbieding van Prof. André Duvenhage, Hoogleraar in Politieke Wetenskap, NWU Kampus Potchefstroom**

#### **Besprekingspunt: *Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing: perspektiewe vir die landbou en Agri NW***

Die Suid-Afrikaanse politiek is in 'n fase van fundamentele verandering en rekonfigurasie. Die Nasionale Demokratiese Revolusie (NDR) is en bly die ANC se kernbeleid (enige ANC president is verbind tot hierdie ideologiese vertrekpunt by wyse van kongres resolusie, herbevestig in 2017). Die NDR bestaan uit drie fases nl. die politieke revolusie, ekonomiese transformasie en sosiale gelykmaking. Onteiening sonder vergoeding is 'n direkte uitvloeisel van genoemde ideologie.

In die makro konteks is Suid-Afrika tans op 'n mespunt met inagneming van die sosiale dinamiek, ANC binnepolitiek, verswakkende staat, veranderende internasionale orde en politieke ekonomie. Tans bevind Suid-Afrika homself in 'n "*Declining Status Quo*" situasie waar komplekse politieke en regsprosesse lei tot die aanvaarding van wetgewing, maar die implementering daarvan word vertraag. Populisme (deesdae 'n wêreldwye tendens) hou groot risiko's in vir Suid-Afrika. Plaasaanvalle en besettings bly hoog en mag selfs eskaleer in die toekoms. Gemeenskappe sal toenemend ekstreme maatreëls moet tref om hulle eie veiligheid en sekuriteit te verseker. Die status quo kan nie onbepaald voortgaan nie en verandering is op pad.

Intervensies moet dus verwag word en die politieke elites sal moeilike besluite moet neem wat die land vorentoe kan vat maar die ANC is egter nie bekend hiervoor nie. Die volgende 6-24 maande gaan bepalend wees, nie net vir die landbou nie, maar vir die land in geheel. Die slaggate van onder meer Zimbabwe en ander dele van Afrika moet vermy word. Die staatsbestel in Suid-Afrika kan op die langer termyn baie anders lyk.

#### **Drie scenario's kan homself uitspeel:**

##### **1. "*Grand rapids and white waters*" (slegste scenario):**

- Hierdie scenario moet ten alle koste vermy word!
- Gebrekkige leierskap en onvermoë om besluite te neem dra by tot onstabiliteit met politieke, grondwetlike en staatkundige implikasies.
- Die staat verloor beheer.
- Uittog van kennis en vaardighede.
- Eskalerende konflik, geweld en plaasbesettings.
- Eskalerende misdaad.

- Waarde van grond neem af.
- Finansiële sekuriteite word moeiliker bekombaar.
- Gebrekkige investering en onsekerheid dra by tot 'n gebrek aan voedsel. Die ±26 000 boere neem af a.g.v. 'n kombinasie van verskeie faktore tot ±14 000 in die volgende twee dekades.
- Kommersiële landbou word die slagoffer.

## 2. "Aangepaste status quo":

- *Iets tussen Scenario 1 & 3.*

## 3. "New dawn" (beste Scenario):

- Hierdie scenario vereis uitsonderlike leierskap en staatsmanskap, die wil om goeie besluite te neem en om algemene inkoop te bewerkstellig.
- Wet en orde word gehandhaaf binne die raamwerk van die Wet.
- 'n Grondslag vir ekonomiese groei en ontwikkeling word geskep.
- Artikel 25 van die grondwet word nie gewysig nie.
- Konflikterende wetgewing word uitgeklaar.
- 'n Makro-ekonomiese raamwerk word daargestel wat fundamenteel verskil van die NDR.
- Dit raak ook die transformasie van die ANC as politieke instelling.

### Strategiese prioriteite vir landbou:

- Hou die kommersiële boer op die grond en bevorder sy belange pro-aktief.
- Beskerm en behou artikel 25 van die grondwet (regsprosesse indien nodig).
- Bevorder veiligheid en sekuriteit op alle terreine en met alle belanghebbendes.
- Bewerkstellig samewerking op alle vlakke met alle georganiseerde landboubedrywe en mobiliseer steun op hierdie vlakke.
- Werk vir die beste, maar berei voor vir die slegste.
- Sluit strategiese en politieke ooreenkomste (waar en indien nodig) met belanghebbende partye wat die saak van die kommersiële boer kan bevorder.
- Verreken die negatiewe scenario, maar werk doelgerig om 'n verskil te maak.



**Aanbieding: Wandile Sihlobo, Hoof Ekoonom, Agbiz**

**Besprekingspunt: SA Agriculture economy: trends, policy and opportunities**

Suid-Afrika se groei het vanaf 2012 ontkoppel van die gemiddelde wêreldgroei en is beduidend swakker as wêreld gemiddeld. Hoe kan groei versnel word? Staatsondernemings moet herbou word, visum vereistes moet verslap word, investering in hernubare-energie moet plaasvind, 4G spektrum moet beskikbaar gestel word, besigheidsvriendelike beleid moet ingestel word, algemene rompslomp met regulatoriese vereistes moet verminder, munisipaliteite moet reggeruk word, die proses om titelaktes uit te reik moet versnel word, BEE kodes moet eenvoudiger gemaak word en laastens moet die gehalte van onderwys dramaties oor tyd verbeter.

Landbou produksie het in Suid Afrika die afgelope 24 jaar toegeneem, maar hierdie groei was meestal in uitvoergerigte bedrywe behaal. Tans is die landboubesigheidsvertroue op 'n laagtepunt en dit is duidelik dat die huidige regeringsbeleid 'n negatiewe impak op vertroue het. Gelukkig is daar nog nie klinkklare tekens dat disinvestering in die landbou plaasvind nie en verkope in masjiene, implemente trekkers ens. is steeds goed.

Dis is ook baie duidelik dat grootskaalse meganisasie in Suid-Afrika plaasvind – die getal plase neem af, maar die grootte van plase neem toe. Dit is ook duidelik dat buitelandse investering in landbou dramaties sedert 2013 afgeneem het en dat meganisasie meestal deur skuld van plaaslike instansies gefinansier word. Reële skuldvlakke van boerderye het dus die laaste 10 jaar beduidend toegeneem.

#### **Tans fokus beleidmakers in die landbou-omgewing op:**

- Inklusiewe groei en werkskepping.
- Grondhervorming.
- Boer ontwikkelingsprogramme.
- Klimaatsverandering.
- Waterregte en water infrastruktuur.
- Infrastruktuur tekortkominge (hoofsaaklik voormalige tuislande).
- Hawens.
- Marktoegang en uitbouing van uitvoermarkte.

#### **Grondhervorming:**

- Tans is daar geen eenduidige standpunt nie en die vraag kan tereg gevra word of daar genoeg stemme vir 'n verandering van klousule 25 sal wees? Afhangend van die bewoording word  $\frac{2}{3}$  of  $\frac{3}{4}$  meerderheid benodig.
- Die ANC resoluisie oor grondhervorming noem dat die proses ordelik moet geskied, dat dit in gebaseer moet word op goeie wetlike en ekonomiese beginsels, dit indiensneming en beleggings moet aanmoedig, effektiewe hulp programme van stapel gestuur moet word en dat die uitreik van titelaktes vir spesifiek swart Suid-Afrikaners versnel moet word.
- Daar is nog 'n baie lang pad voor voordat die stemming om die grondwet te verander, kan plaasvind. Stappe sluit in die opstel en bewoording van die wysigingswet, publisering vir kommentaar, verwysing na die parlement, publieke konsultasieproses,  $\frac{2}{3}$  meerderheid benodig vir stem, 6 provinsies moet ook vir die wet stem en laastens word die wet deur SA president onderteken.
- Die adviespaneel se verslag bestaan uit die hoofverslag en die aanvullende verslag van Mnre. Dan Kriek en Nick Serfontein. Betrokke staatsdepartemente is die opdrag gegee om beide verslae te bestudeer en 'n proses is binne die regering aan die gang om 'n nuwe geïntegreerde beleid op te stel. Die verslag is nie tans beleid nie en die regering kan enige aanbevelings aanneem of verwerp. Talle aanbevelings in die verslag benodig veranderings aan die wetlike raamwerk en hiervoor moet publieke konsultasieprosesse van stapel gestuur word bv. deur Nedlac en so meer. Meer oor die geïntegreerde beleid wat die regering beoog, word in die laaste deel van die jaar verwag.



#### **Agri SA-Presidentsboodskap: Dan Kriek**

Agri SA President begin met die opmerking watter tipe karakter of aard 'n organisasie moet aanneem – kragdadig sonder invloed of met baie invloed maar nie kragdadig nie? Hy verkies die opsie van baie invloed maar nie noodwendig altyd kragdadig nie.

Dit gesê, verseker hy die kongres dat Agri SA teen onteiening sonder vergoeding is en dat die organisasie alles in sy vermoë sal doen om 'n verandering aan die grondwet te keer. Onteiening sonder vergoeding bied geen oplossing vir die land se probleme nie. Die sleutel lê in gedeelde raakpunte wat ons land se mense saam kan bind en dit begin by goeie buurmanskap.

1. Mnr. Kriek verseker die kongres dat Agri SA op beleidsvlak baie hard werk om die "New Dawn" Scenario wat vroeër geskets is, 'n realiteit te maak.
2. Daar is duidelike tekens dat die winde van positiewe verandering binne die regering begin waai. Hy noem vier sake wat tans voor die howe dien as voorbeeld dat redelike denke dalk mag seëvier.

---

#### Mosies:

Die president maak spesiale melding van produsente, hulle plaaswerkers en gesinne wat die pas afgelope jaar as gevolg van geweldsmisdade gesterf het.

Agri NW het ook met leedwese verneem van die afsterwe van verskeie lede en familie van lede van Agri NW.

Agri NW betuig sy opregte meegevoel met hulle gesinne en familie. Hulle het georganiseerde landbou en die landbousektor met onderskeiding op verskeie terreine op provinsiale- en gemeenskapsvlak gedien.

Spesiale melding word gemaak van Cor Jansen van Vuuren, voormalige president van Agri NW wat na 'n lang siekbed aan Kanker oorlede is.

---

#### Verkiesing:

Willem De Chavonnes Vrugt word as president herverkies en Cobus van Zyl en Daan van der Merwe as vise-presidente.



#### Oorkonde:

Hannes Schutte ontvang 'n Oorkonde vir sy onbaatsugtige diens aan Agri NW en landbou in geheel in die Noordwes Provinsie.



**Borge bedankings:**

Willem de Chavonnes Vrugt, president van Agri NW bedank alle borge vir hul finansiële bydraes tot die Jaarkongres waaronder (in alfabetiese volgorde gelys):

Absa Agribesigheid, Bayer, FNB, King Price, Land Bank, LWO, Nedbank, NWK Beperk, Obaro Groep, Pioneer, PricewaterhouseCoopers, Santam Landbou, Senwes & Suidwes Groep.



Einde.